# DIE KARAKTER EN WERKING VAN GELOOF EN BEKERING IN DIE AANVAARDING VAN DIE WELDADE VAN JESUS CHRISTUS

Hierdie werkstuk oor geloof en bekering is aanvaar as amptelike inligtingstuk van die Ring van Louis Trichardt op sy 27 ste vergadering soos gehou op die 15 de Augustus 1998. Dit was die afsluiting van ŉ debat in die Ring van 1984 tot 1998 na aanleiding van die ondersoekkommissie van Levubu NG Kerkraad oor die herdoop in die gemeente in 1984, die klagtes teen ds. Kriel se standpunt oor geloof alleen, sonder die bekering uit dankbaarheid, om gered te word en die Gemeentebouverslag van die NG Kerkraad van Levubu in 1986 oor Bybelkor se propagering van die valse bekering van die moderne Christelikheid.

## AMPTELIKE INLIGTINGSTUK VAN DIE RING VAN LOUIS TRICHARDT

**<u>1. Die onderskeid tussen geloof en wetsgehoorsaamheid</u>**

<u>Onderskei twee vlakke</u>

Die predikante van die Ring van Louis Trichardt het op Vrydag 15 Mei 1998 ŉ ontmoeting en ŉ teologiese gesprek gehad met proff AB du Toit, J van der Watt, S Joubert en C Wethmar van die Teologiese Fakulteit aan UP. Prof du Toit het die noëtiese en die etiese aspekte van die Christelike godsdiens van mekaar onderskei. Dit lê duidelik op twee vlakke en moet onderskei word, sonder dat die indruk geskep word dat òf net die een òf net die ander belangrik is. Die onderskeid eties-noëties val saam met die Bybel se onderskeid Wet-Evangelie. Hierdie onderskeiding maak nie die Wet of die Evangelie onnodig nie, maar beklemtoon elk se eie karakter en werking in die lewe van ŉ Christen.

<u>Elkeen het ŉ eie inhoud</u>

Met die begrip “Wet” dui die Bybel die inhoud van die Tien Gebooie aan. Dit is die gebooie wat leer hoe ons tot eer van God moet leef (Mat. 22:34-40; Rom. 2:17-24; Rom. 13:8-14; 1 Joh. 5:1-5). Die Evangelie se inhoud is iets heeltemal anders as die Wet. Jesus Christus as persoon en die werk wat Hy doen om ons te verlos, is die Evangelie. Gebooie wat sê hoe ons moet lewe, is nie die Evangelie nie. Slegs die Persoon en werk van Jesus as Middelaar is God se Goeie Nuus (Hand. 2:22-36; Rom. 1:1-6; 1 Kor. 15:1-8).

<u>ŉ Belydenissaak, nie willekeur nie.</u>

Hierdie onderskeid tussen die onderskeie inhoude van die Wet en die Evangelie, word in die Heidelbergse Kategismus as volg geleer:

**Wet:** **“**Sondag 34

92 V*raag* Hoe lui die Wet van die Here?

*Antwoord* God het al hierdie woorde gespreek: (Eks. 20:1-17, Deut. 5:6-21) …”

**Evangelie:** “Sondag 7

22 *Vraag* Wat moet ŉ Christen glo?

*Antwoord* Alles wat in die evangelie aan ons beloof word (a) en wat in die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

(a) Joh. 20:31; Mat. 28:19; Mark. 1:15.

23 *Vraag* Hoe lui die artikels?

*Antwoord* (1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; (3) wat ontvang is van die Heilige Gees...

Die onderskeid tussen geloof in die Evangelie en wetsgehoorsaamheid.
Die eis van die Evangelie is dat ŉ mens moet glo. Die Wet aan die ander kant eis gehoorsaamheid. Albei die eise is geldig, maar die twee is na karakter en werking verskillend van mekaar. Die Wet eis iets heeltemal anders as geloof in die Evangelie. Die verskillende eise wat gestel word, is baie duidelik wanneer die Twaalf Artikels langs die Tien Gebooie geplaas word met die vraag: “Wat eis elkeen van hierdie dokumente van my?”

Wat vereis die Wet?
Die vereiste van die Wet is dat al die gebooie in gedagtes, woorde en dade gehoorsaam moet word. ŉ Enkele voorbeeld sal dit verder duidelik maak:

Die agtste gebod (“Jy mag nie steel nie”) eis dat ek nie in my gedagtes ŉ ander persoon se eiendom mag begeer nie. Ek mag nie met listige gedagtes ander se besittings as my eie sien nie. Ek mag nie met ŉ skyn van reg gewig, mates en winste vervals en myself so verryk nie. Ek mag bogenoemde nie goedpraat, aanhits, bevorder of doen nie. Die gebod eis dat ek sal ophou met enige sodanige gedagtes, praatjies en dade, indien ek daarby betrokke is. Die gebod eis ook dat ek my voor God moet verootmoedig en berou moet hê omdat ek sy gebod nie gehoorsaam het nie. Die gebod vereis voorts dat ek moet begin om die gebod positief te gehoorsaam. Ek moet anders begin dink, praat en doen – ek moet nou aan God gehoorsaam wees.

Die Bybel beskryf hierdie gehoorsaamheid aan die eis van die wet (in gedagte, woord en daad) met verskillende woorde, o.a. goeddoen (Rom. 2:7); onderhouding van die wet (Rom. 2:25, Gal 3:10); wetsgehoorsaamheid en dade (Gal 3:12, Rom. 3:20).

Die eis om die Evangelie te glo, is iets anders as om die Wet te gehoorsaam.
Geloof in die Evangelie word duidelik onderskei van wetsgehoorsaamheid. Dit is ŉ heel ander geestelike handeling. Paulus stel dit so: “Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo” (Rom. 3:21-22). Om te doen wat die Wet sê en om die Evangelie te glo, is nie maar net twee maniere om dieselfde handeling te beskryf nie: dit is twee verskillende geestelike aksies.

Geloof is dus nie wetsgehoorsaamheid nie en wetsgehoorsaamheid is ook nie geloof nie.

## 2. Geloof is om Jesus Christus te ken en te vertrou.

Jesus Christus is die Evangelie. Daarom is geloof in die Evangelie geloof in Jesus Christus.

Geloof in Jesus Christus is nooit objektiewe, wetenskaplike kennis nie.
Die Christelike geloof het ŉ ken-element. Hierdie geloofskennis, soos die Bybel dit verkondig, is nie die feitelike waarneming van ŉ objek nie. Dit is ook nie net kennisname van historiese feite en gebeurtenisse (Jesus se lewe, sterwe, opstanding) nie. Sulke kennis is volgens die Bybel nie geloof nie. Inteendeel, dit is ongeloof (Joh. 8:31-47; Jak 2:19).

In die Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, vraag en antwoord 21, word geloof as volg beskryf:

*Vraag* “Wat is ’n ware geloof?
*Antwoord* ’n Ware geloof is nie alleen ’n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons openbaar het (a) vir waar aanvaar nie, maar ook ’n vaste vertroue (b) wat die Heilige Gees (c) deur die Evangelie in my hart werk (d) naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit louter genade, slegs op grond van die verdienste van Christus (e), vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het.”

Die gelowige se kennis van die Evangelie is nie ’n objektiewe soort kennis nie. Dit is ’n vasstaande kennis van Jesus Christus as Persoon. Jesus as Persoon kan nooit vir ons ’n objek wees nie. “En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is” (Joh 17:3). Hierdie geloofskennis van Jesus Christus sluit in ’n hartlike vertroue op Hom vir dit wat Hy vir ons doen (Heb. 11:2).

<u>Geloof in Christus kom deur die verkondiging van die Evangelie.</u>
Ons kennis van en vertroue in Christus ontstaan uit die verkondiging van die Evangelie. “Die geloof kom dus deur die prediking wat ’n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus (Rom. 10:17).

Hierdie verkondiging is beslis nie ’n vae of simboliese voorhou van Jesus Christus as ’n historiese figuur van godsdienstige belang, ’n voorbeeld van goeie gedrag of ’n geïnspireerde geestelike nie. Verkondiging is die gesagvolle aankondiging van Jesus as Middelaar. Hy is waarlik God en waarlik mens – sedert Sy geboorte en tot in die hede. Hy het deur Sy gehoorsaamheid as mens al die beloftes van die verbond vir ons vervul. Deur Sy geboorte, lewe, lyding, kruisiging, sterwe, ter helle neer-daling, begrafnis, opstanding, hemelvaart en sit aan die regterhand van God die Vader
* vergewe Hy ons volkome,
* reinig Hy ons van alle ongeregtigheid,
* beklee Hy ons met sy heiligheid as mens,
* neem Hy ons veroordeling weg,
* neem Hy ons straf weg,
* skep Hy in ons ’n nuwe hart en verstand,
* skenk Hy ons die Heilige Gees,
* lei Hy ons in ’n nuwe gehoorsaamheid.

Jesus Christus maak al bogenoemde beloftes vir ons waar. Dit is die weldade wat ons ontvang deur die Evangelie te glo. “Ek bedoel dít: Christus het gekom om in belang van die Jode ’n dienaar te word: Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak” (Rom. 15:8). Hierdie beloftes is die beloftes van die verbond soos saamgevat in 2 Sam 7:8-16 en Eseg. 36:24-30.

Waar Christus op hierdie manier verkondig word, word Hy waarlik geken en vertrou; glo Christene in Hom.

## <u>**3. Ons aanvaar die weldade van Christus alleen deur geloof, sonder wetsgehoorsaamheid.**</u>

Christus se weldade aan die mens is dat Hy die beloftes in die wet en die profete vervul het. Die wyse waarop ons die weldade van Christus aanvaar (vergifnis, heiliging, ’n nuwe hart en verstand, die vervulling met God se Gees as gawe, die vryspraak van veroordeling, oorwinning van sonde, wedergeboorte en volharding ens), is alleen deur geloof in Jesus Christus. Ons kan ook sê mens ontvang dit enkel en alleen deur die Evangelie te glo. “In die Evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo” (Rom. 1:17). Die frase “enkel

en alleen… glo" beteken dat geen daad van wetsgehoorsaamheid nodig is om die volle verlossing in Jesus Christus te aanvaar nie. Daarvoor is daar oorvloedige getuienis in die Skrif. "Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in Christus te glo" (Rom. 3:21-22). Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die heidene nie. En tog weet ons dat ŉ mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie" (Gal 2:15-16).
Geen daad van die mens kan die versoeningswerk van Christus aanvul of voltooi nie. Die mens is totaal verdorwe en kan God op geen manier help om hom te verlos nie. Die redding is uit genade alleen. Christus se plaasvervangende lewe en sterwe is genoegsaam. Daarom is die geloof "leeg". Geloof is nie die hoogste goeie werk wat die mens moet doen nie. Geloof is ŉ leë hand waarmee ŉ sondaar God se genade aanneem. Op hierdie wyse leer die Skrif dat al die eer God toekom. God deel nie sy eer met ŉ sterfling wat ŉ ander sterfling sogenaamd "tot bekering gebring" het nie.

## 4. Wetsgehoorsaamheid is uit dankbaarheid.

Hoekom moet ons nog wetsgehoorsaamheid nastreef indien dit nie nodig is om die vergifnis te aanvaar nie?

Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 32, vraag en antwoord 86 gee die antwoord hierop:
*Vraag:* "Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?"
*Antwoord:* "Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys (a) dat ons God dankbaar is vir Sy weldade en Hy deur ons geprys (b) word. Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan verkry (c) en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen."

Die gelowige besit van die begin af al God se weldade in Christus. Daar is geen sprake van ŉ "second blessing" nie. Dit wat die gelowige in die Christusverenigende moment ontvang, is volledig. Redding is ŉ gawe van God en kom die mens toe uit genade alleen.

Berou oor sonde, afkeer van sonde, belydenis van sonde (afsterwe van die ou mens), asook die begin en voortsetting van ŉ wetsgehoorsame lewe (opstanding van die nuwe mens) is die noodwendige gevolg van redding deur geloof alleen. Sonder hierdie vrug van ŉ lewe wat daadwerklik verander, is geloof nie waaragtig geloof nie. Die weldade van Christus wat op die etiese vlak lê, is by Christenwording nog nie lewenspraktyk nie. Die feit dat die gelowige in Christus volkome en heilig is, beteken nie dat daar nie sprake is van stryd, sonde, geloof wat kan verflou en veragter nie. Soms bedroef die gelowige die Heilige Gees, doen mee aan heidense praktyke ens. Die oproepe van die Nuwe Testament op die etiese vlak is konsekwent om te word wat ons reeds in Christus is: "Moenie langer soos heidene lewe nie… dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie… lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig" (Ef. 4:17-24).

## 5. Bekering: soms ŉ sinoniem vir "geloof in die Evangelie" en soms ŉ sinoniem vir "wetsgehoorsaamheid".

Die woord "bekering" het in die Bybel verskillende betekenisse in verskillende kontekste. Dit is nie vreemd nie. Baie woorde het verskillende betekenismoontlikhede. Watter betekenisnuanse van

toepassing is, word duidelik uit die konteks waarin die woord gebruik word. Wanneer die Bybelse woord "geloof" byvoorbeeld gebruik word om "geloof in afgode" te beskryf, is die betekenis heeltemal anders as wanneer dit gebruik word ten opsigte van "geloof in Jesus Christus".

Die woord "bekering" in die Bybel kan

* 'n sinoniem wees vir "geloof in die Evangelie."
* 'n sinoniem wees vir "wetsgehoorsaamheid".

Die betekenis van die woord "bekering" word nie deur die woord self bepaal nie, maar deur die verbande met ander sake waaroor die teks handel: die Evangelie of die Wet.

<u>Bekering as sinoniem vir wetsgehoorsaamheid.</u>
In Rom. 2:4 gebruik Paulus die woord "bekering" as sinoniem vir "wetsgehoorsaamheid". (Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?) Hierdie teks handel oor die doen van goeie werke of dade van gehoorsaamheid aan die Wet. In vss. 17-24 word die doen van goeie werke uitdruklik aan die wet van Moses verbind.

In Ef. 4:17-24 gee Paulus 'n volledige beskrywing van hierdie bekering-as-wetsgehoorsaamheid. Hier gaan dit nie oor die wyse hoe ons God se vergifnis ontvang nie, maar oor die wyse waarop ons moet leef. Ons moet nie aanhou om soos heidene te leef nie. Ons moet nie aanhou om soos hulle oor die lewe te dink nie. Ons moet nie volhard in ons onkunde oor wat God in sy Wet van ons vereis nie. 'n Christen mag hom nie aan losbandigheid oorgee en wetteloos leef nie. Ons moet ophou met hierdie lewenswyse en met hierdie praktyke breek. Ons gedagtes moet verander om op 'n nuwe manier te dink. Ons moet onsself volkome aan die wil van die Here toewy. Ons moet heilig en volgens die Wet lewe.

<u>Bekering as sinoniem vir geloof in die Evangelie.</u>
In Hand 2:38 word die woord "bekering" gebruik vir die aanvaarding van die Evangelie. Dit het niks met wetsgehoorsaamheid te doen nie en die betekenis is dus anders as in die twee vorige paragrawe. "Toe antwoord Petrus hulle: 'Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang." Bekering in hierdie konteks is om die verkondiging van die Evangelie (vss 22-36) te aanvaar. Vergelyk dit met vers 41: "Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop ..." Na watter woorde word verwys? Dit is die woorde van vss 22-36; die Evangelie.

In hierdie perikoop in Hand 2 word 'n hele aantal dinge verkondig in verband met Jesus: Dat Hy Homself as God geopenbaar het in sy wonderwerke, dat Hy as mens uitgelewer is ("gely het onder Pontius Pilatus"), gekruisig is, gesterf het, begrawe is, opgestaan het uit die dood, verhoog is aan die regterhand van God en die beloftes van die verbond vervul deur die gawe van die Heilige Gees. Dit is die prediking van die Evangelie, nie die Wet nie. In hierdie verband is die oproep tot bekering in vs 38 'n oproep om uit ongeloof jouself tot Christus te keer en Hom as Here te vertrou vir sy heilswerk.

Dit word verder duidelik indien 'n mens Paulus se eerste sendingpreek in Hand 13 vergelyk met hierdie preek van Petrus op die Pinksterdag van Hand 2. In Hand 13:26-37 verkondig Paulus die Evangelie. Dit is feitlik identies aan Petrus se preek in Hand 2. Aan die einde van die preek roep Paulus sy hoorders ook op om op die evangelieverkondiging te reageer. Hoe? Deur te glo. "Daarom, broers, moet julle goed weet dat wat aan julle verkondig word, die vergewing van sondes deur Hóm is, en dat elkeen wat glo, deur Hom vrygespreek word van alle sondes. Die wet van Moses kon julle nie vry-spreek nie" (Hand 13:38-39).

Hierdie oproep tot geloof, wat Paulus self aandui as iets anders as wetsgehoorsaamheid, is na inhoud dieselfde as Petrus se oproep: "Bekeer julle" in Hand 2:38. Geloof en bekering is dus sinonieme in Hand. 2:38 en Hand. 13:38-39.

Deur die geloof in Jesus Christus as "bekering" aan te dui, word beklemtoon dat die geloof self ŉ toekeer tot Jesus Christus as Persoon is. Geloof is nie maar net ŉ nuwe lewenswyse of ŉ nuwe filosofie in die godsdiens nie. Die geloof self is ŉ toekeer van ŉ sondaar tot Christus as opgestane en lewende Here. Ek stel my vertroue alleen in Hom en sy verdienste en in niks anders nie. Hy alleen vergewe my ten volle.

Daar is niks wat by die geloof moet bykom om dit ŉ toekeer tot Christus te maak nie. Daarom is hierdie toekeer tot Christus deur in Hom te glo as "Christus en Here" (Hand 2:36) meteens ŉ wegkeer (bekering) van wetsgehoorsaamheid as manier om vergewe te word. "Maar wat eers vir my ŉ bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus… …vrygespreek , nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo" (vgl. Fil. 3:7-11). Geloof in die Bybelse sin is ook ŉ wegkeer (bekering) van "geloof" in enige afgod (Hand. 17:16-34).

Hierdie toekeer tot Christus om vergewe te word, word deur die Here self só aangekondig: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom" (Mat 4:17). Dit beteken dat Hy hulle oproep tot geloof in Hom; die Christus.

Hierdie toekeer tot Christus om deel van die koninkryk te word en vergewe te word, is na inhoud iets anders as die bekering van Ef. 4:17-24 waar die Christene opgeroep word om op te hou leef soos heidene en volgens die Here se wil te begin leef. Die eerste gaan oor geloof in die Here (dit is die Evangelie) en die tweede gaan oor wetsgehoorsaamheid soos bely in die Heidelbergse Kategismus vrae en antwoorde 86-88.

ŉ Mens word gered deur God se genade alleen. ŉ Mens ontvang God se genade nooit anders nie, as net deur geloof in Jesus Christus alleen. Hierdie geloof is die wegkeer van jouself met jou eie wetsgehoorsaamheid of afgode, en die ware toekeer tot Christus.

Bekering as sinoniem vir wetsgehoorsaamheid het geen waarde vir die aanvaarding van God se genade nie. Dit is alleen ŉ daad van dankbaarheid. Bekering in daardie sin is nie onnodig vir die lewe van ŉ Christen nie, nie onbelangrik vir ons liefde vir God nie. Dit is egter nie van waarde vir die toeëiening van die weldade van Jesus Christus nie. Deur bekering as wetsgehoorsaamheid, kom die gewenste vrug of lewensverandering. Dit dien ook as toets vir die egtheid van geloof.

## 6. Pinksterboetedoening.

Die pinksterboetedoening verskil radikaal van die betekenis van geloof en bekering, soos dit tot hiertoe uiteengesit is.

6.1 In die Pinksterbeweging word bekering as sinoniem vir wetsgehoorsaamheid, verkondig as noodsaaklik vir die aanvaarding van die vergifnis in Jesus Christus. Bekering as wetsgehoorsaamheid word daar deel gemaak van die wyse waarop ŉ mens God se genade aanvaar. In die Pinksterbeweging word gesê dat dit nie deur geloof alleen is dat ons vergewe word nie, maar deur geloof én belydenis van sonde, geloof én berou oor sonde, geloof én die begin van ŉ nuwe, wetsgehoorsame lewe. Onder punt 4 het ons reeds aangetoon dat berou, belydenis van sonde en die begin van ŉ wetsgehoorsame lewe **gevolge** is van redding en nie **voorwaardes** nie.

6.2 Deur van bekering in die betekenis van wetsgehoorsaamheid, ook ŉ manier van aanvaarding van God se genade te maak, word die eie karakter van die geloof in die Evangelie heeltemal vernietig. Die eie aard van die geloof in die Evangelie is juis dat dit "enkel en alleen" deur geloof is (Rom. 1:17). Wanneer dit geloof én belydenis van sonde, geloof én berou oor sonde, geloof én ŉ nuwe wetsgehoorsaamheid is – dan is dit nie meer "enkel en alleen" geloof nie.

6.3 Hierdie byvoeging van bekering as wetsgehoorsaamheid is die rede waarom daar ŉ chronologie van dade waardeur jy gered moet word, opgestel word. Dit verloop min of meer so: Eers moet jy glo, dan boete doen deur belydenisse en berou betuigings, dan moet jy God liefhê. Hierdie opeenvolging van dade om gered of vergewe te word, word aangevul met doop, afwassing van sonde. Na die verloop van maande of selfs jare, kom die doop met of vervulling met die Gees by. Hierby kan elkeen nou na verbeelding en smaak byvoeg: spreek in tale, "slain in the Spirit", lag in die Gees ens.

6.4 Om bekering as wetsgehoorsaamheid ŉ voorwaarde te maak om vergewe te word, laat die hele verbondskarakter van bekering verlore raak. Die Bybel stel die eis dat verbondsmense hulle gedurig moet bekeer volgens die Wet (vgl. Jer. 26:1-6). Die oproep tot bekering beteken egter nooit dat jy as gevolg van sonde eers weer buite die verbond staan en opnuut moet inkom in die kring van God se genade nie. In die Pinksterboetedoening is daar nie sprake van ŉ vergeefde en geredde mens wat wel nog sondig, maar wat uit God se genade en deur geloof sy sonde bely, teen die sonde stry en hom keer op keer opnuut aan God toewy, sonder dat sy redding ooit in die gedrang gekom het nie. ŉ Gelowige wat sondig, word dikwels hanteer as ŉ verlore sondaar; ŉ veroordeelde mens; ŉ sondaar op pad na die hel; iemand wat hom buite die kring van die gelowiges bevind; sonder God se liefde en wat van voor af weer onder die straf en vloek van God staan. Dit is ŉ dwaling.

Die Skrif getuig juis van ŉ vrygemaakte gelowige wat nooit weer onder die straf, veroordeling en vloek van God sal staan nie. Die gelowige bevind hom kragtens God se genade binne sy verbond waar hy permanent deel het aan sy liefde en trou. Juis daarom moet hy hom elke keer weer volgens die Wet bekeer. Die boetedoeningspraktyk ken nie hierdie bevrydende waarheid nie.

Hierdie werkstuk oor geloof en bekering is aanvaar as amptelike inligtingstuk van die Ring van Louis Trichardt op sy 27 ste vergadering soos gehou op die 15 de Augustus 1998. Die Ring onderskryf die inhoud van hierdie werkstuk.
15 Januarie 1999